# *153* *Hoe laat dit jou voel?*
## (Hebreërs 13:15)

1. Hoe voel jy wanneer jy
   in die veld bedrywig bly,
   As jy goeie nuus uitdra,
   want dis wat God jou vra?
   Ja, jy doen net jou bes,
   en ons God doen dan die res,
   Want die Een wat harte lees,
   ken dié wat hom sal vrees.

(*REFREIN*)
*Dit maak ons bly, dit laat ons juig*
*om van Jehovah te getuig.*
*Ons wil ons tyd aan sy diens wy*
*en goeie nuus versprei.*

2. Hoe voel jy wanneer jy
   nog opregte mense kry,
   As jou boodskap hul hart raak
   en hul verand'rings maak?
   Dalk wil party niks weet,
   maar ons sal net aanhou preek,
   Want ons dra trots God se naam,
   sal ons nooit daarvoor skaam.

(*Refrein*)

3. **Hoe voel jy wanneer jy**
**weet dat God jou steun en lei,**
**’n Bediening aan jou gee**
**en jou vertrou daarmee?**
**Trots doen ons God se werk,**
**ons bly moedig en bly sterk,**
**Want die stelsel gaan verby,**
**ons moet Sy skape kry.**
**(*Refrein*)**

**(Sien ook Hand. 13:48; 1 Tess. 2:4; 1 Tim. 1:11.)**

*snylpnw*-AF Nr. 153 4/16
© 2016 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania